

MANDAAT OM DIE KOOP OF VERKOOP VAN AANDELE OP 'N OTC-BASIS TE FASILITEER

tussen

SENWES BEPERK

(Registrasienuommer 1997/005336/06)
Gemagtigde Finansiële Dienste Verskaffer
FSP NR 13963
("Senwes")

en

(volle name en van)

vir en namens: _____
(indien die aandele in die naam van 'n Vennootskap, BK, Trust of Maatskappy is)

met die volgende Kliëntbesonderhede:

Identiteits nr: _____ Registrasie nr. _____

Belasting nr: _____ BTW nr: _____

Aandeelhouers nr: _____ Senwes Klant nr: _____

Huwelikstatus: Ongetroud Getroud
Binne Gem. van Goedere Buite Gem. van Goedere

(indien getroud binne Gemeenskap van Goedere - Gade moet aangehegte bylae voltooi en teken)

Fisiese adres: _____

Poskode: _____

Posadres: _____

Poskode: _____

Telefoon nr: _____ Selfoon nr: _____

E-posadres: _____

Selfoon nr(s) van naasbestaande(s): _____

Taal van keuse : Afr Eng Geslag: Man Vrou RSA burger: Ja Nee

Land: _____

Bankbesonderhede:

Naam van rekeninghouer: _____

Banknaam: _____

Tak: _____

Takkode: _____

Rekening nr: _____

Rekeningtipe: _____ (Tjek- of spaarrekening)

Is u 'n direkteur van Senwes Beperk of enige filiaal van die Senwes Groep? _____

Is u direk of indirek verwant aan 'n direkteur van Senwes Beperk of enige filiaal van die Senwes Groep? _____

1. Mandaat

- 1.1 Die Kliënt magtig en stel Senwes hiermee aan as die Kliënt se agent en finansiële tussenganger in terme van hierdie Mandaat (hierin na verwys as "**hierdie Mandaat**"), om die administrasie en betaling van transaksies met betrekking tot die koop en/of verkoop, of beide, Senwes en/of Agribel Beherend ("die Maatskappy") se sekuriteite ("**aandele**") tussen 'n Koper en Verkoper, soos beoog in hierdie Mandaat en die OTC-platform Administrasiehandleiding, soos gepubliseer op die Senwes webtuiste en wat deel vorm van hierdie Mandaat by wyse van verwysing, te hanteer. Beide word gesamentlik hierna verwys as "**die Mandaat**" of "**die Ooreenkoms**".
- 1.2 Die omvang van die Mandaat is beperk tot –
- 1.2.1 Opdragte met betrekking tot transaksies wat verband hou met Senwes en Agribel aandele alleen; en
- 1.2.2 die koop en verkoop van Senwes en Agribel aandele alleen in gevalle waar ooreenstemmende teenpartye 'n transaksie tussen hulself aangegaan het (slegs koop en verkoop).
- 1.3 Die koop en verkoop van aandele is onderhandelbaar tussen aandeelhouders van die Maatskappy en/of potensiële beleggers. Beleggers moet egter daarop let dat die Maatskappy ongenoteerde publieke maatskappy is en dat die reëls van die Johannesburg Aandelebeurs ("JSE") en die bepalinge van die Wet op Finansiële Markte, 19 van 2012 ("FMA"), met uitsondering van Hoofstuk X, nie van toepassing is op die verhandeling van hul aandele nie.
- 1.4 Aandele word op 'n oor-die-toonbank-basis ('OTC') verhandel. OTC aandeletransaksies verwys na aandeelverkooptransaksies wat direk en wedersyds tussen gewillige Kopers en gewillige Verkopers van aandele onderhandel word. Senwes, deur sy OTC Administrasieplatform ("OTC-platform"), sal die identifisering van gewillige kopers en verkopers en die oordrag van aandele in terme van die transaksies wat onderhandel en aangegaan is tussen kopers en verkopers, fasiliteer. Aangesien aandele op 'n OTC-basis verhandel word, is die bepalinge van die FMA, met uitsondering van Hoofstuk X, nie van toepassing op die Maatskappy of transaksies in hul aandele nie en geen beskerming word aan die koper of verkoper in terme van die FMA gebied nie.
- 1.5 Senwes sal as administrateur optree om uitvoering te gee aan die transaksie wat tussen die koper en verkoper onderhandel en aangegaan is in terme van die oordrag van aandele en die opdatering van die Maatskappy se aandeleregisters. Senwes sal egter slegs die oordrag van aandele hanteer indien daar voldoen is aan die terme en voorwaardes van hierdie Ooreenkoms, insluitend maar nie beperk tot die verskaffing van al die dokumente wat benodig word aan die OTC-platform, die betaling van die koopprijs deur die koper, die betaling van die toepaslike fooie en die sekuriteitsoordragbelasting ("STT") wat benodig word, aan Senwes.
- 1.6 Senwes sal rekord hou en inligting publiseer op die Senwes webtuiste met betrekking tot die prys en volume van vorige aandeletransaksies van die Maatskappy.
- 1.7 Die Kliënt stel hiermee aan, met die reg van substitusie, die Groep Maatskappysekretaris van Senwes, *ex officio*, of enige uitvoerende direkteur van Senwes om enige akte van oordrag en ander toepaslike dokumente wat benodig mag word om uitvoering te gee aan hierdie mandaat en om die betrokke aandele vanaf die verkoper na die koper oor te plaas, te voltooi en te onderteken.
- 1.8 Indien die Kliënt sy/haar aandele sou verkoop, soos per sy/haar opdrag van tyd tot tyd, doen die Kliënt afstand van alle regte, titel en belang wat die Kliënt het in en ten opsigte van die aandele en bevestig en stem daartoe in dat die Kliënt alle aksies geneem deur die agent in terme van hierdie mandaat, ratifiseer en bevestig.
- 1.9 Die Kliënt waarborg dat die aandele die alleeneiendom van die Kliënt is en vry is van enige beswaring of las of reg van derde partye (soos sekuriteitshouders), met uitsondering van enige beswaring ten gunste van Senwes of Agri Credit Solutions (Pty) Ltd, 'n verwante party van Senwes, indien van toepassing.
- 1.10 Die Kliënt waarborg dat die Kliënt nie oor enige binne-inligting, soos gedefinieer in hoofstuk X van die FMA, beskik nie en vrywaar die Maatskappy en hul werknemers en beamptes van enige skade, verlies of aanspreeklikheid wat hulle mag teëkom weens die verbreking van sodanige waarborg.
- 1.11 Die Kliënt waarborg dat in die geval van die aankoop van aandele deur die Kliënt, die relevante fondse en die bron van sodanige fondse wettig is en nie direk of indirek die opbrengs is van enige onwettige aktiwiteit nie (insluitend sonder beperking enige oortreding van die Suid-Afrikaanse Valutabeheerregulasies), soos gedefinieer in die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdad, Nr. 121 van 1998, soos gewysig, en die Finansiële Intelligensiesentrum Wet, Nr. 38 van 2001, soos gewysig.

2. Fooie

- 2.1 Die Kliënt sal aanspreeklik wees vir die betaling van administratiewe fooie, sekuriteitsoordragbelasting en enige heffings, soos vereis mag word van tyd tot tyd, en soos gepubliseer op die Senwes webtuiste: www.senwes.co.za.
- 2.2 Die Kliënt aanvaar en erken dat, in die geval van die koop van aandele, die koopprys, sowel as heersende fooie, aan Senwes betaal moet word in die rekening soos hieronder aangedui, voor 'n opdrag aan Senwes om 'n transaksie te fasiliteer. Indien die kliënt sou versuim om sodanige betaling te maak, sal die bepalings van klousule 4.2 hieronder van toepassing wees.

3. Gemagtigde Finansiële Tussenganger

- 3.1 Senwes as Finansiële Diensteverkaffer, bevestig hiermee dat, in terme van die *Financial Advisory and Intermediary Services Act*, hy gemagtig is om finansiële dienste aan Kliënte te lewer.
- 3.2 Senwes is deur die *Financial Sector Conduct Authority* gemagtig om as Tussenganger in FSP Kategorie I op te tree met spesifieke magtiging om tussengangersdienste te lewer, sowel as die toepaslike sub-kategorieë, wat ooreenstem met die finansiële produkte wat deur Senwes gebied word.

4 Algemene Terme en Voorwaardes

- 4.1 Die Kliënt vrywaar die Maatskappye ten opsigte van enige inkomstebelasting of ander belasting of heffing van enige aard ten opsigte waarvan die Kliënt aanspreeklik mag word of wat betaalbaar mag word ingevolge enige aksie geneem deur die Maatskappye namens die Kliënt ten opsigte van sy mandaat, en spesifiek belasting op rente wat tot voordeel van die Kliënt ooploop met betrekking tot enige kontantbedrag wat deur Senwes gedeponeer is in terme van hierdie mandaat.
- 4.2 Die Kliënt vrywaar die Maatskappye en enige derde party met wie die Maatskappye mag kontrakteer namens die Kliënt van:
- 4.2.1 Enige verlies namens die Kliënt opgeloop ingevolge enige *bona fide* transaksie in terme van hierdie mandaat; en
- 4.2.2 Enige en alle eise, skade, insluitend spesiale en gevolgschade, aanspreeklikhede, koste en uitgawes, insluitend prokureurskoste, wat teen die Maatskappye gebring sou word na aanleiding en as gevolg van die uitvoering van die mandaat.
- 4.3 Niks hierin vervat sal egter die Maatskappye kwytsteld van aanspreeklikheid of verlies gelyk deur die Kliënt of enige ander persoon weens bedrog, diefstal, kwader trou, oneerlikheid of growwe nalatigheid van die Maatskappye of die werknemers van die Maatskappye nie. Nieteenstaande voorgenoemde, aanvaar die Maatskappye geen aanspreeklikheid vir enige bedrog, diefstal, kwader trou, oneerlikheid of growwe nalatigheid van enige derde party soos hierbo genoem, of van die werknemers van enige sodanige derde party. Die Maatskappye aanvaar ook nie enige aanspreeklikheid in die geval van insolvensie of opvolgende sekwestrasie of likwidasië van sodanige derde party se boedel nie.
- 4.4 Die Kliënt stem daartoe in dat Senwes enige telefoongesprekke tussen die Kliënt en enige lid van die Maatskappye se personeel mag opneem en erken dat dit 'n internasionale praktyk is en alleenlik gebruik word vir doeleindes van die oplos van enige dispute wat voortspruit uit telefoniese advies of opdragte.
- 4.5 Die Kliënt bevestig dat daar nie van Senwes of enige ander derde party aan wie Senwes opdragte mag uitreik namens die Kliënt, verwag sal word om enige betaling op versoek van die Kliënt te maak sonder dat skriftelike opdragte tot dien effekte van die Kliënt ontvang is nie, met 'n vrywaring in die verband.
- 4.6 Waar bevestiging van 'n transaksie via 'n elektroniese medium aan die Kliënt gestuur word, sal Senwes nie aanspreeklik wees teenoor die Kliënt of enige ander persoon wat die bevestiging ontvang vir en ten opsigte van enige direkte, indirekte of gevolglike aanspreeklikheid, verlies, skade of koste van enige aard

voortspruitend uit die feit dat die bevestiging via 'n elektroniese medium gestuur is nie, of weens die vernietiging van data, wanfunksionering van stelsels, onderbreking van kommunikasieskakels of enige ander probleem buite die beheer van Senwes.

- 4.7 Die Kliënt stem uitdruklik daartoe in dat die Kliënt se persoonlike inligting openbaar mag word aan voorgenome kopers en/of verkopers vir doeleindes van die fasilitering van 'n transaksie om aandele te koop of te verkoop en soos bedoel in die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 4 van 2013, soos gewysig. Aandeelhouders, makelaars, potensiële beleggers, verteenwoordigers en gemagtigde verteenwoordigers stem verder daartoe in dat hul identiteit en kontakbesonderhede, op versoek aan 'n potensiële of werklike belegger, aandeelhouer of ander party wat belang stel in die identiteit van die werklike of potensiële koper of verkoper, verskaf mag word.
- 4.8 Senwes en die Kliënt nomineer hiermee hul onderskeie *domicilia citandi et executandi* vir doeleindes van die betekening van enige kennisgewings en aksies wat uit hierdie mandaat mag voortspruit, soos aangedui in hierdie mandaat, of enige ander fisiese en posadresse waarvan skriftelik kennis gegee moet word, welke veranderinge effektief sal word 21 dae na die datum van sodanige kennisgewing.
- 4.9 Hierdie mandaat bevat alle terme en voorwaardes wat die kontraktuele verhouding tussen Senwes en die Kliënt beheer. Daar is geen ander terme, voorwaardes, reëlings, verstandhoudings, waarborge of voorstellings met betrekking tot die kwessies in hierdie mandaat, en wat bindend op die partye is, wat nie in hierdie mandaat uiteengesit is nie.

5. Vertroulikheid

Senwes sal alle inligting met betrekking tot hierdie mandaat, sowel as die fasilitering van aandeeltransaksies soos hierin bedoel, as vertroulik hanteer en sal nie enige inligting met betrekking tot die Kliënt of die opdragte van die Kliënt openbaar maak nie, tensy sodanige openbaarmaking benodig word ten einde aan toepaslike wetgewing te kan voldoen.

6. Wetgewing en Jurisdiksie

- 6.1 Hierdie Ooreenkoms word beheer deur die wette van die Republiek van Suid-Afrika.
- 6.2 Enige regsaksies wat een party teen 'n ander wil bring mag, volgens Senwes se keuse, in die Landdroshof gebring word, selfs waar die bedrag in dispuut die bedrag wat andersins binne die jurisdiksie van sodanige hof sou val, sou oorskry.

7. Geheelooreenkoms

Hierdie Ooreenkoms vervat die geheelooreenkoms tussen die partye en vervang enige vorige ooreenkoms.

8. Afwyking van Ooreenkoms

- 8.1 Onderworpe aan klousule 10 hieronder, sal geen wysiging of afwyking van hierdie mandaat geldig of effektief wees tensy dit op skrif gestel en deur beide partye onderteken word nie.
- 8.2 Geen vergunning of toeskietlikheid deur een party aan die ander sal 'n afstanddoening daarstel van sodanige party se regte in terme van hierdie ooreenkoms nie en sal nie voorkom dat sodanige party streng en nougesette nakoming van die bepalings van hierdie ooreenkoms afdwing nie.

9. Beëindiging

- 9.1 Enige party mag hierdie Ooreenkoms met onmiddellike effek beëindig deur skriftelike kennisgewing aan die ander party.
- 9.2 Met uitsondering van dit waarvoor spesifiek voorsiening gemaak is, sal beëindiging nie enige party kwytskeld van die uitvoering van enige uitstaande verpligting ten tye van die beëindiging nie.

10. Algemeen

10.1 Hierdie Ooreenkoms sal beskikbaar gestel word op Senwes se webtuiste by www.senwes.co.za. Die Kliënt en Senwes erken en bevestig dat:


- 10.1.1 die terme en voorwaardes van tyd tot tyd gewysig mag word sonder vooraf kennisgewing aan die Kliënt; en
- 10.1.2 die Kliënt is verantwoordelik vir die nagaan van die terme en voorwaardes ten einde te verseker dat hy/sy bewus is van enige wysigings daartoe sedert die aangaan van enige vorige transaksies.

Bankbesonderhede:

Rekeningnaam: **Senwes Aandele Verhandelings Trust**
Bank: **ABSA Bank**
Tak: **Klerksdorp**
Takkode: **334 338**
Rekeningnommer: **405 706 8314**
Verwysingsnommer: **Aandeehouer nr / Kliënt nr of ID-nommer**

GETEKEN te _____ op _____ 20_____.

Vir: SENWES



EM Joydt
MAATSKAPPYSEKRETARIS
BEHOORLIK GEMAGTIG

GETEKEN te _____ op _____ 20_____.

DIE KLIËNT / AANDEELHOUER
BEHOORLIK GEMAGTIG

TOESTEMMING DEUR GADE

(Indien getroud BINNE Gemeenskap van Goedere)

I, die ondergetekende _____ (volle name van **gade**),
met identiteitsnommer _____ bevestig hiermee dat

_____ (volle name van **Kliënt**)
met identiteitsnommer _____ my man/vrou is en dat ons binne
gemeenskap van goedere getroud is soos gedefinieer in die Wet op Huweliksgoedere, 88 van 1984, soos gewysig.

Ek verleen hiermee toestemming aan _____ (volle name van
Kliënt) om onafhanklik en namens ons Gesamentlike Boedel op te tree met betrekking tot die koop en/of verkoop van
enige, of beide, Senwes en Agribel Beherend Beperk se aandele in terme van hierdie Mandaat.

Ek bevestig dat my toestemming vrywillig verleen is en dat sodanige toestemming bindend is op die Gesamentlike
Boedel, tensy dit skriftelik deur my onttrek word in die teenwoordigheid van twee bekwame getuies.

GETEKEN te _____ op _____ 20_____.

GADE

GETUIE 1

GETUIE 2